### *Die leer moet verder vertel word*

**116** Toe sê **Ek** aan hulle: "Geseënd is julle, omdat julle glo dat die Seun van die Mens deur die Vader in die hemele in hierdie wêreld gestuur is om die gevallenes op te rig en die gevangene te verlos! Maar neem julle almal goed in ag, dat julle oor alles wat julle nou as besondere tekens van My gesien het, niemand iets vertel nie, want dit sou `n dubbele kwaad wees!

[2] Die helfte van hulle wat dit sou hoor, sou hulleself vererg en die woorde nie slegs nie glo nie, maar julle ook nog as gek verklaar en orals van julle kwaad-praat, want `n blinde is in sy woede gevaarliker as `n honderd siendes! Die ander helfte daarenteen sal julle getuienis te liggelowig aanneem, en hulleself in hulle doen en late uiteindelik self so beperk dat hulle dan heeltemal niks meer uit hulleself sal kan doen nie. En dit beteken dat die vrye gees van die mens gedood word!

[3] Maar dié leer, wat julle gehoor het, moet julle aan jul vriende en bekendes vertel. Want My Woorde bevat die ewige Waarheid, wat alleen dié mens kan vrymaak, wat Haar in hom opneem, Haar tot sy lewensrigsnoer maak en daardeur erken dat Sy Elohim se ewige Waarheid is. Want die Waarheid is en was en sal altyd wees; het bestaan en is die ewige lewe van elke mens, wat Haar lewend in hom het.

[4] Maar jammer genoeg sal daar baie wees wat hierdie Waarheid nie sal hoor en nie sal wil aanneem nie, en Haar sal agtervolg asof Sy `n vyand is. En ander sal Haar weer ontvlug uit angs vir die magtiges van die aarde, as te ware soos `n dodelike pes. Maar die wat dit sal doen, sal in hulleself geen ewig lewe deelagtig word nie, maar die ewige dood sal hul deel wees!

[5] Wie die liggaamlike lewe liefhet en daarna streef om dit tot elke prys te behou, sal met die weldra eindigende liggaamlike lewe ook die ewige lewe van die siel verloor! **Wie egter die liggaamlike lewe verafsku, sal die ewige lewe van die siel wen!** - Dink wel daaraan! Wie nog iets te vra het, laat hom nou vra! Ek sal hom antwoord."

[6] **Die hoofman** sê: "Majesteit en Meester, wat kan ons U nou nog verder vra!? Wie U is, dit weet en voel ons! Wat ons moet doen, weet ons ook en daar sien ons ook die noodsaak van in! Ook weet ons en voel ons diep in ons dat U die Ewige Lewe het, en dit aan elke mens kan gee en sal gee, as hy na U Woord leef en handel! Meer te weet sou vir ons mense onnodig wees, te meer nog omdat ons in U Naam - soos wat één van U leerlinge my vol oortuiging verseker het - tog al met `n lewende geloof selfs siekes kan genees!

[7] Ons is U vir die onverwagse en ewig onverdiende barmhartigheid en ontferming ewig dank verskuldig, en ons gee U die waaragtige versekering dat U vir Uself in ons dankbare harte `n ewige gedenkteken opgerig het, wat die mag van die hel en alle storms van die tye sal trotseer! - En daarom dink ek dat ons onsself nou, omdat dit al taamlik diep in die nag is, ter ruste moet begeef. Maar ek dring nie daarop aan nie, hoewel ek, wat my betref, nog eenmaal moet kontroleer hoe dit met my manskappe staan."

[8] **Ek** sê: "Laat dit maar! Want, net soos gister is alles daar in orde! Ek wil egter vandag nog tot na middernag wakker bly, want julle sal sien dat ons opbly nie verniet sal wees nie. Vandag nog sal daar reisigers uit Jerusalem aankom, met daaronder fariseërs en skrifgeleerdes, waarmee ons baie werk sal hê."

[9] **Ebahl** sê: "O dit is baie naar, hulle moes maar liewer wegbly! Sulke gaste vind ek steeds die onaangenaamste, want één van hulle het net soveel aandag nodig as honderd ander vreemdes, wat vir hul versorging betaal, terwyl hierdie alles verniet wil hê. Daarby is hulle met niks tevrede nie, veral as hulle `n bewys van die tempel het dat hulle amptelik op reis is! Ag, Meester, daar het U my regtig niks opwekkend gesê nie! - Ai,ai! Wat moet ons nou voor die tyd doen?"

[10] **Ek** sê: "Bekommer jou nie! Die voorraadkamer en die kelder is vol; vir slaapgeleentheid vir honderde is in die huis ook lankal voor gesorg, en meer is nie nodig nie. Hulle is ter wille van My deur Jerusalem na Násaret gestuur, maar omdat hulle My hier sal vind, sal hulle nie na Násaret gaan nie. Môre sal julle julle almal vir hulle vererg, maar Ek sal hulle helder wyn skenk, sodat hulle uit nyd en ergernis môre nog hierdie plek sal verlaat!"

[11] **Ebahl** sê: "Dan kry ons egter die duiwel op ons nek! Want hulle sal dan in die tempel dinge oor ons sê waaroor die honde geen lus vir brood sal hê nie!"

[12] **Ek** sê: "Daar sal voor gesorg word dat hulle tuis nie baie sal sê nie!" - Na hierdie verklaring van My breek daar `n tydjie aan waarin elkeen wat homself in die vertrek bevind het, hulleself baie stil en rustig hou en slegs in die hart besig is.

### *Aankoms van siekes en fariseërs by Ebahl*

**117** Na etlike oomblikke klink daar `n rumoer voor die huis. `n Mens hoor stemme in allerlei tale praat, dadelik begin die honde van die buurman, `n Griek, hard te blaf, en **Ebahl** sê: "O wee, dit sal al wel hulle wees!"

[2] **Ek** sê: "Nog nie! Dit is siekes *(Matthéüs. 14:35)*, maar dit sal nie meer lank duur nie, dan sal die ander ook hier wees! Die siekes moet egter tot môre

wag, want vir vandag is daar genoeg genees. Maar gaan tog maar na buite en laat almal wat gekom het, na `n herberg bring, en gee diegene wat honger en dors het, iets te eet en te drinke!"

[3] Na My woorde gaan Ebahl dadelik met sy huisdienaars, wie se hulp hy ingeroep het, die groot hof voor sy huis in en vind dit byna vol met allerlei siekes, waaronder daar baie Grieke, Romeine en Egiptenare was. Hulle wil almal na My toe kom om genees en gesond gemaak te word.

[4] **Ebahl** wys hulle egter `n herberg aan en laat hulle versorg, elkeen na behoefte. Na hierdie taak kom hy weer in ons saal in en sê: " Alle lof aan die Meester! Hulle is vir vandag versorg. As die aangekondigde skurke uit Jerusalem ook maar so maklik versorg kon word! Maar dit sal egter nie so maklik gaan nie!"

[5] Terwyl Ebahl, vanweë die fariseërs en skrifgeleerdes, wagte uitgesit het, nog so half klaend sit en pieker, kom daar al `n dienaar die saal in en deel tot die skrik van Ebahl mee dat die aangekondigdes al daar was. Ebahl snel na buite om hulle te ontvang en sy twee vroue en die ouer dogters volg Ebahl om hom te help, en Ebahl se seuns doen dieselfde; **slegs die liewe Jarah bly by My.**

[6] **Die hoofman**, wat ook naas My gesit het, sê: "As ek Ebahl was, weet ek wel wat my te doen gestaan het! Ek sou my knegte beveel het om hierdie kêrels goed te gésel! Wat sou hulle hom kon aandoen? En dit sou seker nie die eerste keer wees dat so `n ontvangs hulle êrens te beurt val nie! Ek sou baie korte mette met hulle maak! En as hulle hier inkom, dan sal ek hulle in elk geval so `n poets bak, dat hulle na liggaam en siel sal staan en bewe op hul bene, asof hulle die koors gekry het! Ek sal hulle vra op wie se bevel hulle so diep in die nag in `n plek met `n Romeinse besetting durf ingekom het. Ek sal hulle wel laat sien dat elke plaaslike kommandant die reg het om elkeen, van watter afkoms en watter geloof hy ookal is, gevange te neem en, as hy hom nie geldelik kan verantwoord nie, onmiddellik aan die reg oor te gee! Dit sal ek weliswaar nie daadwerklik op hulle toepas nie, maar ek wil hulle tog wel `n paniekerige skrik op die lyf jaag, sodat die angssweet tot oor hul hakke na benede sal loop!"

[7] **Ek** sê: "Vriend doen wat jy wil, Ek lê jou geen beperkinge hier op nie, maar as jy hier `n bepaalde amp wil uitoefen, dan moet jy nou na buite gaan en dit buite met hulle in die teenwoordigheid van sommige van jou onderaanvoerders bespreek!"

[8] **Die hoofman** sê: "O Meester, laat dit maar aan my oor, want my wette en my regte weet ek om oral te handhaaf!"

[9] Na hierdie woorde roep hy sy dienaar, wat in die voorhof wagstaan. Hy kom vinnig die saal binne en meld hom aan by die hoofman.

[10] **Die hoofman** sê aan hom: "Stuur die koerier na die kamplaer, en laat die onderbevelhebber onverwyld dertig man na my toe stuur! Gaan!" - Na hierdie woorde verlaat die wagter onmiddellik die saal, en binne tien minute stap die dertig man met die onderbevelhebber die saal al binne, en word deur die fariseërs wat hulleself nog op straat bevind, wat hulle met alle eer laat behandel, nie opgemerk nie. Die onderbevelhebber vra die hoofman wat daar nou gedoen moet word.

[11] **Die hoofman** sê: "Voorlopig niks belangrik nie! Dit is slegs die bedoeling om by die vreemdelinge respek af te dwing, dat hulle dit in ag moet neem, en as die Romeinse garnisoenswette vir hulle vreemd sou wees, dan sal ons dit vir hulle inprent. Gedra jou dus rustig en ernstig en let op al my aanwysings! Laat dit so wees!"

[12] Spoedig daarna open Ebahl die deur van die saal wyd, en ongeveer twintig fariseërs en skrifgeleerdes kom binne. Dit spreek wel vanself dat die twintig nog `n aantal begeleiers by hulle gehad het met pakesels en muildiere wat hulle en hul veelvuldige reisbagasie moes vervoer. Vir die begeleiers en die diere en alle bagasie moes gesorg word. Toe die fariseërs en skrifgeleerdes almal in die saal was, bekyk hulle onmiddellik die aanwesige geselskap noukeurig deur en vra die herbergier waarom die Romeinse soldate hier was.

[13] **Ebahl** sê: "Hulle sou gehoor het dat u hierheen sou kom, en hulle kom om u die gepaste eerbied te betoon."

[14] **Een van die fariseërs** sê: "Dit sal jy meestal nie van die Romeine verwag nie! Maar laat dit wees soos wat dit is - ons is honger en dors, laat kos en drank gebring word!"

[15] **Ebahl** bring al die hande en voete wat daar buiten My en Jarah in die huis aanwesig was, in beweging, en in `n kort tyd staan daar `n goed voorsiende tafel.

[16] **Die fariseërs** was hul hande en val daarna die kos aan. Baie gou is alles opgeëet en ongeveer sestig bekers wyn word leeggedrink. Die wyn maak hulle egter spraaksaam en hulle begin orals navraag te doen en vertel baie gou die rede van hul koms en vra aan My, deur te sê: "Weet julle wat hier is niks van `n swerwer, wat in Násaret gebore is nie? Hierdie persoon, waarskynlik `n timmerman van beroep, moet volgens hoorsê ongelooflike towery uitvoer, `n nuwe godsdiens propageer, siekes genees, geeste besweer en die volk oprui teen die tempel en die keiser. Ons is vir hom op weg na Násaret om hierdie saak daar te gaan ondersoek. Omdat Hy egter in hele Galiléa aktief skyn te wees, kan julle hier miskien wel iets meer van hom af weet!"